Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Algemene Regulasies en Reëls van die Universiteit van Pretoria en die Woordverklarings.

Algemene Reëls

Algemene reëls, vereistes en inligting

Dit is 'n vereiste dat elke student hom of haar volkome op die hoogte sal stel van die bepalings van die reglemente, regulasies, reëls en voorskrifte van die Universiteit in verband met die aangeleenthede wat hierna volg.

Let wel: Onkunde ten opsigte van bogemelde bepalings sal nie as verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.